

EK IS ... JESUS (1)

EK IS ... DIE WARE WINGERDSTOK

Onthou jy hoe dit voel om te weet jy kan iets nie doen nie...

Miskien op skool – ek kan nie wiskunde doen nie...

Miskien by die werk – hierdie opdrag/taak kan ek nie; ek is nie die regte persoon nie

Miskien by die kerk – ek hoor wat die Here wil hê ek moet doen, maar ek kan nie, dis nie my persoonlikheid nie, dis nie my gawes nie, ek is nie die regte persoon nie...

Ek het verlede jaar so gevoel - Aspergers

Aspergers:

Vorm van outisme → deel van die brein werk nie soos dit moet nie ← geen behandeling of medikasie

Eienskappe:

- *Probleme met sosiale vaardighede:*
- *Sukkel met kommunikasie*
- *Kan nie emosies of gesigsuitdrukkinge herken nie*
- *Lomp*

Bottom line: sukkel om met mense te werk

Beroepe NIE: predikant – dokter se reaksie

Beroepe wel: Aktuaris (vir dié wat nie weet nie, ek het Aktuaris gestudeer en by Sanlam gewerk...)

Wat nou? Hier het ek 'n mediese rede waarom ek die verkeerde persoon is om predikant te wees...

Het ek verkeerd gehoor toe ek gedink het die Here roep my om predikant te wees?

Moet ek teruggaan aktuaris toe?

Wat nou?

Kom ek deel met julle 'n Skrifgedeelte wat my baie gehelp het.

JESUS IS DIE WARE WINGERDSTOK:

Johannes 15:1-8: 1983

“**Ek is die ware wingerdstok** en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. 5 “**Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.** 6 As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. 7 As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8 My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

Hoor jy vir Jesus?

“Ek is die WARE wingerdstok ... julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”

Jesus sê 2 belangrike goed:

1. JESUS: EK IS DIE WARE WINGERDSTOK

Dit beteken daar is ook ander wingerdstokke waaraan ek my kan verbind, maar dan dra ek nie vrug nie...

1. Werk: my werk moet die vrug in my lewe bring → brand uit, word moeg, word geïrriteerd, verhoudings lei skade
2. Vriende: my vriende moet vrug bring → verloor myself
3. Myself: wie ek is moet vrug bring, wat ek kan doen en wat ek nie kan doen nie → beperk my

2. JESUS SÊ: UIT MY KAN JY VRUGTE DRA →

As ek aan Jesus verbind is, kan ek vrug dra – sy vrug, die regte vrug.

Nie uit my werk nie, nie uit my vriende nie, nie uit myself nie...

Daarom gaan dit nie oor waar ek werk of wie my vriende is of waar ek bly of selfs oor wie ek is nie. Dit gaan nie oor my persoonlikheid en my gawes en my vermoëns nie....

Dit gaan oor JESUS!!!

As ek aan Hom verbind is, KAN ek!

Ek kan, nie omdat ek die regte een is nie, maar omdat Hy die regte een is!

Dink maar aan:

- Moses: “Ek is ’n alleenloper in die woestyn wat nie kan praat nie” ← JOU stuur Ek om met die koning te gaan praat en 600,000 mense vir 40 jaar te lei! **Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.**
- Dawid: “Ek is die jongste en kleinste en lelikste en jaloers en agter vroue aan” ← JY word die koning van alle konings! **Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.**
- Johannes die Doper: “Ek is weird en anders en dra snaakse klere en eet snaakse kos en bly ver weg van mense af.” ← JY word my groot profeet wat mense voorberei vir Jesus. **Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.**
- Petrus: “Ek is ’n ongeleerde visserman met ’n kort humeur wat eerder sal lieg as om in die moeilikheid te kom.” ← JOU maak ek die leier van die dissipels, die hoof van die kerk. **Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.**
- Paulus: “Ek is ’n bang outjie, daarom pas ek eerder die klere op toe hulle Stefanus stenig. Ek gebruik mense om Christene te laat vang. Ek is kort en lelik en nie ’n goeie spreker nie – niemand luister na my nie!” ← JOU kies ek om My boodskap reg oor die wêreld te versprei. **Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.**

- Wilhelm: “Ek wil alleen wees. Ek sukkel om met mense oor die weg te kom. Ek het vreemde idees waarvan mense nie hou nie.” ← JOU kies ek om my kerk te laat groei. ***Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.***
- Josia was te jonk. Abraham was te oud. Matteus was te besig. Job was te ryk. Die weduwee was te arm. Josef werk vir 'n ongelowige. Ragab is 'n prostituut. Jou kies Ek. ***Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.***
- En jy: Wat is jou verskonings? Wat is jou redes waarom jy nie kan doen wat die Here wil hê nie? Ek is te jonk? Ek is te oud? Ek is te besig? Ek sukkel met mense? Ek praat moeilik? Mense hou nie van my nie? Ek is anders? Ek is skaam? Ek weet te min? Ek lewe nie reg nie? Dis nie ek nie? Ek is nie die regte persoon nie? ← Hoor die Here vandag: “JOU kies ek. ***Nie omdat jy die regte persoon is nie, maar omdat EK die regte God is.***”

Ek het nog net een besluit in my lewe geneem waar my hart “JA” gesê het en my kop “NEE!!!!”...

→ Predikant word

Wat sê jou kop? En wat sê jou hart?

Jy KAN – as jy vas is aan die WARE wingerdstok.

Jy KAN – want wie in Hom bly, dra baie vrugte.

Jy KAN – want Hy bly in jou.

1. Jy kan, nie omdat jy die regte een is nie, maar omdat HY die regte een is

Kolossense 1:27: God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid.

Amen.

[Video met liefdegawe]